**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA**
Sinode van Wes-Kaapland

**NG KERK ARGIEF**
Noordwal-Wes 1 STELLENBOSCH 7600
Posbus 34 STELLENBOSCH 7599
**T** 021 882 9923
**E** argief@kaapkerk.co.za
www.kerkargief.co.za

# NG Kerk Sendingpersoneel van Malawi, 1962-2020, Profiele

Liewe Sendelingvriend/in

Soos die jare aanstap, besef ons dat dit tyd geword het om die stories van die sendingpersoneel in Malawi op te teken. Omdat u en die werk wat u gedoen het vir ons kosbaar is, wil ons u graag nooi om u stories met ons te deel. Dit kan ’n belangrike bydrae maak tot die verhaal van die sendingwerk in Afrika en vorm ‘n belangrike deel van ons mondelinge geskiedenis.

Die NG Kerkargief op Stellenbosch gaan, in samewerking met Getuienisaksie (sendingkantoor) en die CCAP Nkhoma Sinode Argief in Malawi, ’n volledige lys met biografiese inligting en profiele van sendingpersoneel wat vanaf 1962 tot 2020 in Malawi werksaam was, opstel. Die doel van hierdie projek is om argivalia in te win en die belangrike werksaamhede van die kerk en sy personeellede in die Malawi-sendingveld te bewaar.

Die Kerkargief beoog om die biografiese inligting en profiele beskikbaar te stel vir navorsingsdoeleindes. Die inligting wat u vir ons stuur, sal deur die Argief en navorsers gebruik word vir navorsingsdoeleindes. Die Argief wil graag u persoonlike inligting in terme van die Wet beskerm en sal daarom nie u persoonlike biografiese inligting vir publikasie beskikbaar maak nie. U moet dus in terme van die Wet vir ons skriftelike toestemming gee om die inligting te bewaar.

Lees dus asseblief die vrae noukeurig deur voordat u die vorm voltooi. Sover moontlik verkies die Kerkargief dat die vorm in Afrikaans voltooi word, maar dit is nie ’n vereiste nie.

Stuur asseblief die voltooide vorm per e-pos aan Lizelle Smit by die NG Kerkargief: lizelle@kaapkerk.co.za Skakel ons gerus as u enige vrae het: 021 882 9923 x 201 of 021 882 9923 x 202.

U vriendelike ondersteuning aan hierdie opwindende projek word terdeë waardeer. Ons sien uit daarna om u stories te lees.

Beste groete

Dr Lizelle Smit
Senior Argivaris: NG Kerkargief

| | |
|---|---|
| 1 | Biografiese inligting van personeellid:<br>Volle naam en van:<br><br>Geboortedatum:<br><br>Eggenote (indien getroud):<br><br>Huweliksdatum(s):<br><br>Kinders se name en geboortedatums: |
| 2 | Naam van persoon wat die profiel geskryf / voltooi het en verwantskap aan personeellid (hierdie is baie belangrike inligting omdat baie van die profiele deur familielede ingevul gaan word en vir navorsingsdoeleindes is dit van waarde om te weet wie die outeur is). |
| | |
| 3 | Biografiese inligting oor u werk in Malawi:<br>By watter stasie(s) was u werksaam (lys asseblief stasies eerste), in watter afdeling, in watter hoedanighede (posbenaming). Vertel van u werkservaringe en wat presies hierdie werk behels het (kort posbeskrywing). Dui asb ook tydperke aan. |
| | |
| 4 | Lekker stories oor u tyd in Malawi:<br>Ons is veral op soek na persoonlike staaltjies, herinnerige, lewenservaringe, koddige stories, inligting oor die uitdagings aangaande sendingwerk in Malawi, ensomeer. ’n Verhaal of twee wat meer inligting verskaf oor u werksomgewing sal verwelkom word. As u graag ’n bladsy of twee oor sendelinge se tuine, hulle diere, melkbeeste of selfs herinneringe met moeilike doeanebeamptes op grensposte wil deel, sal dit waardeer word.<br>Daar word geen woordbeperkings geheg aan hierdie afdeling nie. Voeg graag addisionele bladsye by indien nodig. |
| | |

| | | |
|---|---|---|
| 5 | Ons ontvang graag 'n profielfoto van u. Stuur asb ook foto's van u gesin, huis, werk en aktiwteite. Heg asseblief goeie kwaliteit foto's aan by hierdie dokument of stuur digitale kopieë saam met u e-pos. Die foto's moet asb duidelik gemerk word of 'n bykomende lys met inligting oor die foto's moet as aanhangsel gestuur word. Die Kerkargief wil graag die volgende weet:<br>• Plek waar foto geneem is (identifiseer asb geboue en terrein op foto).<br>• Jaar wat foto geneem is.<br>• Wie is op die foto? Verskaf name van links tot regs op foto.<br>• Wat was die geleentheid? | |
| | | |
| 6 | Hiermee gee ek ______________________________ toestemming dat die NG Kerkargief op Stellenbosch die inligting vervat in hierdie opname mag opneem as argivalia en vir navorsingsdoeleindes mag gebruik. Biografiese inligting mag slegs in terme van Wet 2 (Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)) beskikbaar gemaak word. | |
| | Geteken deur: | |
| | Op hierdie dag: | |